**Gehaat deur die wêreld**

**Joh 15:18-16:4**

**14 Desember 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus is die druiwestok en gelowiges die vrugdraende lote – dus Hy is in hulle, hulle is in Hom; hulle is in Sy woord, Sy woord in hulle; Hy het hulle lief, hulle bly in Sy liefde deur Sy gebooie te onderhou; hulle deel in Sy blydskap; hulle deel in Sy vrede; hulle is Sy vriende; hulle het insig in Sy plan en hulle rol.
2. Intieme verhouding van gelowiges met die Here Jesus het die gevolg dat die wêreld hulle haat
3. Hoekom gelowiges deur die wêreld gehaat word (Joh 15:18-25)
    a. ʼn Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie (v20, vgl Joh 3:16)
        i. Dissipels moet mekaar se voete was
        ii. Dissipels moet vervolging verwag (vgl Mark 8:34-35, Mat 10:16-18)
    b. Slegs sommiges het die Here Jesus se woorde gehoorsaam, net sommiges sal dissipels se woorde gehoorsaam (v20)
    c. Hoekom haat die wêreld die dissipels/gelowiges?
        i. Want gelowiges is nie deel van die wêreld nie (v18-19)
            - Gelowiges was deel van wêreld, maar hulle is uitgekies (vgl Gen 3, Joh 13:1, Fil 3:20, Heb 11:13-16)
        ii. Want gelowiges behoort aan die Here Jesus (v21)
            - Wêreld se haat is primêr teen die Here Jesus, maar wanneer Hy weggaan, skuif haat na die gelowiges (vgl Op 12:5-12, 1 Pet 5:8)
        iii. Want reaksie van die wêreld op die Here Jesus se woorde en werke is anders: sondig en onlogies (v22-25)
            - Die Here Jesus se woorde en werke het getuig oor wie Hy is (v22, 24)
            - Wêreld verwerp Sy woorde en werke, en dus Hom – dit is dié sonde, nou het hulle geen verskoning nie (vgl Mat 11:21-24)
            - Die Here Jesus se woorde en werke was geen rede om Hom te haat nie (v25) – die wêreld se haat is onlogies
                - Selfs die Ou Testament het gewaarsku die Jode sal die Here Jesus haat (vgl Ps 69:5)
4. Die verweer van gelowiges teen die haat van die wêreld (Joh 15:26-27)
    a. Die Vader/Seun sal die Heilige Gees stuur wanneer die Here Jesus weggaan (v26, vgl Joh 14:16)
    b. Die Heilige Gees is die Gees van waarheid (v26), die Here Jesus is die waarheid (Joh 14:6) – dus Heilige Gees herinner/onderrig gelowiges in die Here Jesus se woorde (vgl Joh 14:26)
    c. Gelowiges moet uitgaan en getuig o.l.v. die Heilige Gees (v27, vgl Joh 15:16)
        i. Getuig tydens vervolging (vgl Mark 13:11, Hand 5:32)
5. Gelowiges is gewaarsku teen die haat van die wêreld (Joh 16:1-4)
    a. Die Here Jesus waarsku gelowiges oor haat van die wêreld (v1, 4)
        i. Hulle moet nie struikel nie, moet ingelig wees as Sy vriende
    b. Vervolging kan erg wees: verban word, selfs doodgemaak word (v2)
    c. Die haat kan verwag word vanaf die Here Jesus se verheerliking – dus ook nou (v2)
    d. Ons moet vervolging verwag, ons moet gereed wees om in vervolging te getuig – o.l.v. die Heilige Gees, oor die Here Jesus